Wenners van die Verskaffer van die Jaar Toekenning

BIG BRAND

SHOPRITE GROUP OF COMPANIES

Supplier OF THE YEAR

2010

Die Shoprite Groep is trots daarop om erkenning te verleen aan verskaffers vir hul volgehoue ondersteuning en benadering van same-werking teenoor ons onderneming die afgelope jaar.

UITVOERENDE-HOOF TOEKENNINGS
Persianas Properties Ltd
Zambeef Products PLC

BEDERFBARE VOEDSEL EN DIENSAFDELINGS
DairyBelle (Pty) Ltd

LEKKERGOED EN DRINKGOED
Cadbury SA (Pty) Ltd

OMVATTENDE KRUIDENIERSWARE
Unity Food Products (Pty) Ltd

TOILETWARE
Unilever SA (Pty) Ltd

EIE- EN PRIVAAT HANDELSMERKE
Chet Chemicals

OPKOMENDE VERSKAFFERS
Sunningdale Dairy

VLEISMARK
Roelcor Meat

VRUGTE-EN GROENTE
Rennie Farms

NIE-VOEDSEL
Premier Stationery

MEUBELS
Whirlpool Home Appliances

KONTRAKTEURS/ DIENSVERSKAFFERS
Concord Refrigeration (Pty) Ltd

EIE HANDELSMERKE/PRIVAAT HANDELSMERKE

Chet Chemicals

Mervyn Kessler (links), Hoof- Uitvoerende Beampte en **Nico van der Merwe**, Verkoopsdirekteur

Chet Chemicals (Edms) Bpk is in 1969 deur die Kessler familie gestig. Die maatskappy vervaardig 'n volledige reeks wasgoed-middels, huishoudelike skoonmaakmiddels en bad-bymiddel-produkte as 'n huismerkvervaardiger. Die familiebesigheid het ontwikkel en vandag is dit 'n lid van Liberty Star Consumer Holdings, 'n BGSEB groep van maatskappye in die snelbewegende verbruikersgoedere (FMCG) mark.

Hulle vervaardigingsfasiliteit en verspreidingsentrum is in Kemptonpark, Gauteng, in Suid-Afrika geleë, van waar dit die nasionale mark bedien. Die vervaardigingseenheid vervaardig daagliks sowat 500 metrieke ton poeiers en vloeistof.

As lang gevestigde getuie van Shoprite en Checkers se karakter, is kwaliteit, en volledige diens wat betyds is, voortdurend 'n prioriteit. Chet se nuwe produkontwikkelingsvermoë het dit in staat gestel om deurlopend kwaliteit plaasvervangers teen die regte pryse aan die teikenmarkleiers te bied.

Die maatskappy was baie bevoorreg en is trots daarop om betrokke te kan wees by die Shoprite Groep se eie handelsmerk-program waar ons vandag soveel as 120 produkte onder die Ritebrand, Checkers Housebrand en beperkte handelsmerke vir die Groep vervaardig.

Om die toekenning as die Shoprite Groep se eie handelsmerk Verskaffer van die Jaar te ontvang, is werklik 'n hoogtepunt vir Chet en ons sien uit daarna om die besigheid in die toekoms selfs verder uit te brei.

DairyBelle

Brenda McCleary
Nasionale Kliëntebestuurder

DairyBelle se oorsprong kan so ver terug as die 19de eeu nagevolg word, toe South African Cold Storage tot stand gekom het. In 1902 het Cecil John Rhodes en Sir Jameson die maatskappy gekoop en dit hernoem na Imperial Cold Storage (ICS). Die produkte wat vervaardig was, het roomys, sjokolade, botter en kaas ingesluit. In 1960 is die DairyBelle handelsmerk wat Suid-Afrikaners leer ken en liefgekry het, geregistreer vir die gebruik van 'n reeks suiwelprodukte.

"Ding-Dong DairyBelle" die radio-klingel het 'popkultuurstatus' onder Suid-Afrikaanse verbruikers verwerf en die nuwe handelsmerk is bekendgestel terwyl die opmerkbare oranje DairyBelle koei gewild begin raak het en so verder die handelsmerk se waarde verhoog het.

DairyBelle het 'n sterk, heilsame handelsnaam gebou, wat deurlopend die Suid-Afrikaanse mense met goeie kwaliteit en produkte van goeie waarde, wat 'n wye reeks kase, jogurt, sappe en vars melk, UHT-melk en ander suiwelprodukte ingesluit het, voorsien.

Navorsing wat in 2010 onderneem is, het bevestig dat DairyBelle aansienlike ekwiteite besit, wat oor die jare behoue gebly het. Hoewel die behoefte aan vernuwing van die handelsmerk, deur ander verpakking en die portefeulje, was op die voorgrond gebring – om dit meer relevant en byderwets te maak. In mid-2010 het die DairyBelle handelsmerk 'n groot hernuwing ondergaan ten opsigte van sy oorhoofse posisionering, logo en verpakkingsontwerp en die konseptualisering en organisering van verskeie handelsname vir deurlopendheid en fokus.

Voortgaande verbintenis om die DairyBelle handelsmerk te ondersteun en innovering is die sleuteldoel van DairyBelle. Die doel is om die handelsmerk vars en relevant te hou en in die veranderende behoeftes van die verbruikers te voorsien.

Ons is baie trots daarop om erken te word as een van die 2010 Shoprite Verskaffers van die Jaar.

Kraft Foods

Michael Fouché
Streeksrekeningbestuurder

Kraft Foods is 'n globale dryfkrag met 'n ongeëwenaarde portefeulje van handelsmerke waarvan mense hou. Ons is ook die wêreld se tweedegrootste voedselmaatkappy met 'n jaarlikse inkomste van $49.2 miljard.

Na afloop van die globale werwing deur Kraft Foods in 2010, het Cadbury Suid-Afrika en Kraft Foods in Maart 2011 geïntegreer om Kraft Foods Suid-Afrika te vorm – 'n dinamiese, diverse en groeiende snelbewegende verbruikersgoedere (FMCG) besigheid, deelnemers in die sjokolade, lekkers, kougom, koekies, koffie- en kruideniers-kategorieë. Ons stel ons vernaam ten doel om vandag lekker te maak. Ons strewe is om die mees geliefde, gerespekteerde en suksesvolle knibbel-maatskappy in Suidelike Afrika te wees.

Ons is trots op ons gekombineerde erfenis van meer as 80 jaar in die Suid-Afrikaanse industrie, besig om dit waarvoor die mense lief is, te vervaardig en te verkoop. Suidelike Afrika is 'n sleutelmark in die opkomende markportefeulje van Kraft Foods Inc. en maak 'n groot bydrae tot sy groei. Met sterk handelsmerke wat aanklank vind by alle inkomstegroepe in hierdie mark, stel ons onsself ten doel om verbruikers gelukkig te maak, nie slegs omdat ons bestaan uit sterk handelsmerke nie, maar ook omdat ons handelsmerk toeganklik en bekostigbaar is.

As een van die wêreld se grootste voedselmaatskappye, glo ons in die stryd teen honger, en moedig ons 'n gesonde lewenstyl, volhoubare landbou en etiese werwing aan. As deel van die nuwe ondernemingsgees is Cadbury Dairy Milk Plain onlangs gesertifiseer as Fair Trade. In vernootskap met Fair Trade wil ons beter lewensomstandighede vir boere in ontwikkelende gemeenskappe verseker.

Dit is 'n voorreg om erken te word as een van die Shoprite Groep se Verskaffers van die Jaar. Ons stel die lang verhouding wat ons oor baie jare met Shoprite gebou het, hoog op prys, en sien ons uit na 'n voortdurende strategiese vennootskap.

Wenners van die Verskaffer van die Jaar Toekening (vervolg)

OPKOMENDE VERSKAFFERS

Sunningdale Dairy

Pierre van Rensburg
Bemarkingsbestuurder

Sunningdale het in die vroeë 90's as 'n klein melkery begin, en Amasi in die landelike gebiede en swart woonbuurte aan die buitewyke van King Williams Town in die Oos-Kaap van Suid-Afrika voorsien. Die melkery het uit 30 Jersey-koeie, tien personeellede en 'n bakkie waarmee die eienaar die bemarking van die produkte gedoen het, bestaan. Alles wat vervaardig is, het altyd verkoop. Die eienaar, Neil van Rensburg, wat die boer en die drywer was, het verseker dat al die produkte wat vervaardig was, verkoop het. Sy vrou, Sandi, was sy regterhand wat hom in die onderneming bygestaan het.

Sommer gou het dinge begin ontwikkel, en teen die laat 90's was meer produkte bygevoeg, wat melk-sap vermengings en gebottelde Maas ingesluit het. Voor dit kon Maas slegs in groot mate, 50 liter kanne, aangekoop word, en dit was die enigste produklyn.

Die verwerkingseenheid het kort daarna na die dorp verskuif, en melk is van additionele plase verkry. In 2005 is 'n nuwe verwerkings-aanleg in Oos-Londen opgerig, wat soveel as 30 000 liter per dag verwerk het. Die produkreeks is vinnig uitgebrei en het jogurt en vars melk en later botter en kaas ingesluit.

Drie jaar later was dit nodig om 'n splinternuwe vervaardigingsfasiliteit met die jongste tegnologie, in die Oos-Londense industriële ontwikke-lingsone op te rig, met die kapasiteit om soveel as 200 000 liter van produkte per dag te verwerk. Die fasiliteit is in 2010 voltooi en word gekomplimenteer deur 'n aparte kaas- en botter aanleg in Mdantsane en 'n derde fabriek in Kokstad in die KwaZulu-Natal provinsie van Suid-Afrika.

Tot vandag toe is Sunningdale steeds 'n familie-besigheid, met 'n hegte span personeellede en 'n groep melkverskaffers. Almal het dieselfde doel voor oë: om kwaliteit produkte te ontwikkel wat voorlopers in die mark is, en om 'n sterk melkproduserende basis te skep en ook die mense wat vir ons werk, te ontwikkel.

TOILETBENODIGHEDE

Unilever

Peter Lamplough
Kliënte-bemarkingsdirekteur, Huishoudelike sorg

"Ons visie is om 'n beter toekoms te skep waarin mense hulle lewenskwaliteit kan verbeter sonder om hulle omgewingsimpak te verhoog" Paul Polman, Hoof Uitvoerende Beampte, Unilever.

Unilever Suid-Afrika voel geëerd om weereens erken te word as 'n Shoprite Groep Verskaffer van die Jaar. Dit is weens kliënte soos Shoprite, dat dit vir Unilever moontlik is om al vir meer as 100 jaar deel van die Suid-Afrikaanse verbruiker se lewe te wees.

By Unilever glo ons dat ons produkte 'n klein maar belangrike verskil in die kwaliteit van mense se lewens maak. Ons strategie is om ons sosiale impak te vergroot deurdat ons verseker dat ons produkte in die behoefte na gebalanseerde voeding, goeie higiëne en selfvertroue wat spruit uit die moontlikheid om skoon klere, skoon hare en gesonde vel te hê, voorsien. Ons portefeulje bestaan dus uit 'n wye reeks produkte wat wissel van voedsel met gebalanseerde voedingswaarde tot genotvolle roomyse, bekostigbare sepe, luukse sjampoes en allerdaagse huishoudelike sorgprodukte. Ons handels-merke sluit name soos Sunlight, Omo, Knorr, Dove, Pond's, Rama, Mrs. Balls, Sunsilk en Handy Andy in.

Unilever besef ook dat groei wat ten alle koste moet plaasvind, nie lewensvatbaar is nie. Om te verseker dat ons ons groei-ambisie bereik, maar nie ten koste van die planeet nie, het ons in 2010 die Unilever Volhoubare Lewensplan (USLP) geloots.

In Suid-Afrika, deur ons ondernemings en ons handelsmerke, beplan ons om die behoeftes en prioriteite van die land aan te spreek terwyl ons bydra tot ons globale doelwitte.

Hoewel, dit is onmoontlik vir ons om hierdie doelwitte op ons eie te bereik. Ons sal dit slegs in samewerking met ons vennote, wat ons klante soos die Shoprite Groep insluit, kan bereik. Die Shoprite Groep se deurlopende ondersteuning maak dit vir Unilever moontlik om groot drome te droom.

OMVATTENDE KRUIDENIERSWARE

Unity Food Products

Mahomed Rayhaaz Essack
Hoof Uitvoerende Beampte

Unity Food Products het in Maart 2002 hulle besigheid begin bedryf en het sedertdien van krag tot krag gegaan. Die Maatskappy het 'n trotse tradisie waarvolgens hulle hoë kwaliteit, suiwer sonneblom kookolie vervaardig, en meer onlangs, die vervaardiging van margarien onderneem het, om hulle reeks van kwaltieit produkte wat prominent in Suid-Afrikaanse huise voorkom, uit te brei.

Unity se welbekende olie-handelsmerk is Helios™, 'n permanente verskynsel in baie Suid-Afrikaanse kombuise, en hierdie handelsmerk het 'n nuwe margarienproduk wat onlangs bekendgestel is. Die Helios™ handelsmerk brei vinnig uit en ons poog om Helios™ 'n naam te maak wat konstant geassosieer word met kwaliteit, waarde, gesonde lewenstyl en soliede tradisie.

Ons reeks margarienprodukte sluit Ruby™ en Golden Lite™ in, nuwe margariene om ons Helios™handelsmerk te komplimenteer. Palmfry™ is nog 'n produk wat ons verbruikershandelsmerk komplimenteer. 'n Palmoleinolie wat perfek is vir restaurant, kafeterias en die hospitaalindustrie.

Ons besigheidsfilosofie was nog altyd om by ons beginsels, doel en visie te bly staan. Ons visie is om Unity Food Products die grootste eetbare-olie vervaardiger in Suid-Afrika te maak, met die beste kwaliteit produkte. Die beginsels het ons gerig om deurlopend, ten alle tye, etiese te handel en billik teenoor ons klante, wat ons hoog op prys stel, op te tree.

Die feit dat ons in staat is daartoe om deurlopend handelsmerke van uitstaande gehalte teen die regte pryse aan ons klante te bied, het die stempel van ons besigheid geword en dit is ons begeerte om hiermee voort te gaan. Dit is waarom ons nie woorde het om ons dankbaarheid uit te druk vir die wonderlike ondersteuning wat ons by die Shoprite Groep ontvang nie, en om dan nog boonop gekies te word vir die 2010 Verskaffer van die Jaar toekenning in die kategorie vir Omvattende Kruideniers.

DIE TRADISIE LEEF VOORT!

MEUBELS

Whirlpool South Africa

Stefan Egli
Besturende Direkteur

TEN OPSIGTE VAN WHIRLPOOL CORPORATION: Whirlpool Corporation is die wêreldleier in die vervaardiging en bemarking van die vernaamste huishoudelike toerusting, met jaarlikse verkope van $18.4 miljard in 2010, met 71 000 werknemers en 67 vervaardigings- en tegnologiese navorsingsentrums regoor die wêreld. Die maatskappy bemark Whirlpool, Maytag, KitchenAid, Jenn-Air, Amana, Brastemp, Consul, Bauknecht en ander vooraanstaande handelsmerke aan verbruikers in byna elke land in die wêreld. Verdere inligting oor die maatskappy kan op hulle webtuiste, www.whirlpoolcorp.com gevind word.

TEN OPSIGTE VAN WHIRLPOOL EUROPA, MIDDE OOSTE & AFRIKA (EMEA): Met nagenoeg 12,000 werknemers, 'n verkoopsverteenwoordiging in meer as 30 Europese lande en vervaardigingsterreine in sewe lande is Whirlpool EMEA'n volle filiaal van Whirlpool Corporation. Whirlpool se Europese Ondernemingsentrum is in Comerio (VA), Italië geleë. Verdere inligting oor die maatskappy kan op hulle webtuiste, www.whirlpoolcorp.com gevind word.

TEN OPSIGTE VAN WHIRLPOOL SUID-AFRIKA: Gestig in 1996 met die aankoop van KIC, het Whirlpool Suid-Afrika (WPSA) deel gevorm van die Whirlpool EMEA gebied, met die beherende kantoor in Comerio (VA) Italië. Die hoofkantoor is in Bedfordview, in die Gauteng provinsie van Suid-Afrika, geleë, met die vervaardigingsfasiliteite in Isithebe, KwaZulu-Natal, en verskaf werk aan sowat 900 mense. Die maatskappy bemark Whirlpool en KIC aan die hele Suid-Afrika en uitgesoekte Afrika-lande. KIC het eenvoudige ontwerpe met goeie kwaliteit wat in die basiese behoeftes voorsien, wanneer dit kom by verkoeling en kosmaak, terwyl Whirlpool moderne ontwerp, innovering en energiebesparing bevorder. WPSA is trots om een van die wenners van die Shoprite Groep se verskaffers van die jaar toekennings te kan wees.